higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 2

(5050022)

12 November 2018 (X vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die volgende vraagnommer (1.1.1-1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Deur middel van onderwys en opleiding verkry ons…

A kennis en vaardighede.
B waardes en norme.
C kreatiwiteit en persepsie.
D vermoëns en optrede.

1.1.2 Die proses waardeur die teorie, leer of abstrakte kennis in die praktyk omgeskakel word, staan bekend as …

A begrip.
B analise.
C konstruksie.
D toepassing.

1.1.3 Die gestandaardiseerde vermoë waaroor iemand moet beskik om 'n spesifieke taak goed uit te voer, staan bekend as sy/haar …

A bevoegdheid.
B intelligensie.
C bekwaamheid.
D bestuursvermoë.

1.1.4 Onderwysers het 'n etiese verantwoordelikheid teenoor die kinders wat hulle onderrig. Kinders moet hul onderwysers beskou as …

A vriende.
B rolmodelle.
C familielede.
D reëlmakers.

1.1.5 Die proses waarvolgens jy op jou daaglikse aktiwiteite kan terugkyk en nadink oor hoe jy jou optrede van die verlede in die toekoms kan verbeter, staan bekend as …

A hermodellering.
B herkonstruksie.
C refleksie.
D herdefiniëring.

NCV

1.1.6 Die brein word in twee helftes (links en regs) verdeel wat die … -stelsel beheer.

A bloed
B skelet
C senu
D vertering

1.1.7 … is die energiekomponent van 'n mens se dieet.

A Vetsure
B Omega 3
C Antioksidante
D Koolhidrate

1.1.8 Menslike bevrugting is die …

A versmelting van 'n vroulike eiersel en 'n manlike sperm om 'n fetus te vorm.
B volgorde waarin 'n baba ontwikkel.
C fisiese geboorte van 'n baba.
D term wat die eerste drie maande van 'n baba se lewe beskryf.

1.1.9 Die teoretikus wat die veelvoudige-intelligensieteorie ontwikkel het, was …

A William Spady.
B Edward Thorndike.
C Jean Piaget.
D Howard Gardner.

1.1.10 Die … domein van die fetus kan voorgeboortelik geëvalueer word.

A fisiese
B geestelike
C emosionele
D sosiale

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Empatie beteken begrip en om besorgd oor iemand anders te wees.

1.2.2 'n Vrywillige menslike handeling word nie onder dwang uitgevoer nie, maar volgens eie keuse met kennis van die omstandighede.

1.2.3 Bloom het opvoedkundige doelstellings volgens vyf domeine geklassifiseer.

1.2.4 Sintetisering is om iets in kleiner dele op te breek.

Kopiereg voorbehou

1.2.5 Pedagogiek is 'n onderrigstrategie.

1.2.6 Die oksipitale lob in die brein spesialiseer in sosiale gedrag.

1.2.7 Deur te veel suiker te eet, kan tot insulienweerstandigheid lei.

1.2.8 Die pariëtale lob is 'n spier in die liggaam.

1.2.9 Omgewing beteken die wêreld om ons.

1.2.10 Onwillekeurige aktiwiteite word deur die breinstam beheer.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Mense wat menslike gedrag bestudeer	A	serebrum
1.3.2	Reguleer binne-liggaamlike aktiwiteite soos temperatuur	B	natuur versus koestering
1.3.3	Dinkgedeelte van die brein	C	serebellum
1.3.4	Omgewingsinvloede wat 'n impak op 'n kind se ontwikkeling het	D	Handves van Regte
1.3.5	Deel van die brein wat balans, beweging en koördinasie beheer	E	gemeenskap
1.3.6	Kinders se biologie en omgewing speel 'n rol in verandering en groei	F	korteks
1.3.7	Groep mense wat deur minstens een gedeelde kenmerk verbind is	G	sielkundiges
1.3.8	Vorm die hoeksteen van die grondwet	H	sosiale uitsluiting
1.3.9	Tydens apartheid is sommige rasse toegang tot sekere openbare geriewe geweier	I	neurone
1.3.10	Buitenste oppervlak van die brein	J	mishandeling en verwaarlosing
		K	hipotalamus
		L	pituïtêre klier

(10 × 1) (10)

[30]

VRAAG 2

2.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n term uit die onderstaande lys te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

homo sapiens; generasie; voeding; xenofobie; hongersnood; menopouse; homofobie; adolessensie; sinapse; werwelkolom; kriteria; dendriete; stimulasie; loopbaan; serebrum; emosies; ekologie

2.1.1 Tyd wanneer 'n vrou ophou om te menstrueer

2.1.2 Tyd tussen middelkinderjare en volwassenheid

2.1.3 Mikroskopiese gapings tussen neurone

2.1.4 Vertakte verlengstukke van neurone wat elektriese seine van ander neurone kry

2.1.5 Netso belangrik vir breinontwikkeling as voeding

2.1.6 Mense wat min of meer ewe oud is

2.1.7 Angs vir of afkeer van mense van ander lande

2.1.8 Die studie van die verhouding tussen mense en hul omgewing

2.1.9 Die spesie waartoe mense behoort

2.1.10 Een van die ontwikkelingsuitkomste wat onderwys- en …-geleenthede wil verken

2.1.11 Die breinstam verbind die brein hieraan

2.1.12 Geheue word hier gestoor

2.1.13 Kan skade aan die brein aanrig

2.1.14 Standaarde wat gebruik word om iets te beoordeel of oor iets te besluit

2.1.15 Sosio-affektiewe domein van Bloom se taksonomie het hiermee te doen

(15 × 1) (15)

2.2 Noem enige VIER kennisbronne en vaardighede waarvan kinders kan leer formele skool uitgesluit. (4)

2.3 Opvoedkundige instellings bestaan binne 'n gemeenskap in die dorp of voorstad waar mense woon.

Bespreek maniere waarop gemeenskappe opvoedkundige instellings kan help. (5)

Kopiereg voorbehou

2.4 Opvoeders het 'n plig om kinders se regte in stand te hou.

Hoe behoort opvoeders kinders in hul klaskamers ten opsigte van die volgende te behandel?

2.4.1 MIV-status

2.4.2 Godsdiens

2.4.3 Seksuele oriëntasie

(3 × 2) (6)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae.

Marie het agtien geword en haar bestuurslisensie ontvang. Haar ouers is trots op haar en koop vir haar 'n nuwe motor vir haar verjaardag. Sy gaan na haar vriendin se verjaardagpartytjie toe en drink te veel. Toe sy by die huis kom, stamp sy die motor se voorste lig teen die hek stukkend. Toe sy die volgende oggend wakker word, dink sy na oor wat die vorige aand gebeur het en is vol verwyt daaroor. Sy besef dat iets ergers kon gebeur het, omdat sy onder die invloed van alkohol bestuur het. Sy besef ook dat sy die skade aan haar motor en die voorhek aan haar ouers sal moet verduidelik. Marie kon die probleem vermy het as sy nie gedrink en bestuur het nie. Sy het 'n baie waardevolle maar duur les geleer en haarself belowe om nie weer onverantwoordelik te wees nie.

3.1 Refleksie het vier stappe wat op enige werklike situasie toegepas kan word.

Die vier stappe is:

i. Ervaring
ii. Refleksie
iii. Om sin te maak van die ervaring
iv. Om vir toekomstige ervarings te beplan

3.1.1 Verduidelik wat die eerste stap beteken. (2)

3.1.2 Watter ervaring het Marie opgedoen? (2)

3.1.3 Verduidelik wat die tweede stap beteken. (2)

3.1.4 Bespreek Marie se refleksie oor haar ervaring. (2)

3.1.5 Gee DRIE redes waarom dit belangrik is om te reflekteer. (3)

3.1.6 Is Marie se refleksie 'n voorbeeld van refleksie-in-aksie of refleksie-oor-aksie? Motiveer jou antwoord. (2)


3.1.7 Watter raad oor drink en bestuur kan Marie vir haar vriende gee? (4)

3.2 'Dit verg 'n gemeenskap om 'n kind groot te maak.' ~ Afrika-spreekwoord

3.2.1 Verduidelik die betekenis van hierdie Afrika-spreekwoord. (2)

3.2.2 Gee 'n voorbeeld om die antwoord op VRAAG 3.2.1 te verduidelik. (2)

3.3 Bestudeer die prent en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.google.co.za/search?q=image+of+nelson+mandela&tbm*]

Die persoon op die foto het 'n belangrike rol gespeel in die demokratisering van Suid-Afrika.

3.3.1 Identifiseer die persoon in die prent. (1)

3.3.2 Hoeveel jaar het hy in die tronk deurgebring? (1)

3.3.3 In watter jaar het hy die eerste swart president van Suid-Afrika geword? (1)

3.3.4 Noem TWEE voordele wat ons as Suid-Afrikaners vandag geniet as gevolg van sy toewyding aan demokrasie. (2 × 2) (4)

3.3.5 Wat is die hoofdoel van maatskaplike-ontwikkelingsprojekte? (1)

Kopiereg voorbehou

3.3.6 Wie het die persoon wat in VRAAG 3.3.1 uitgebeeld word, opgevolg? (1)

[30]

VRAAG 4

Voltooi die volgende tabel deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.16) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1

VEELVOUDIGE INTELLIGENSIE		
Soort intelligensie	**Sterkpunte/Vermoëns**	**Moontlike loopbaan**
Linguisties	4.1.1 (1)	4.1.2 (1)
Logies-wiskundig	4.1.3 (1)	4.1.4 (1)
Ruimtelik	4.1.5 (1)	4.1.6 (1)
Liggaams-kinesteties	4.1.7 (1)	4.1.8 (1)
Musikaal	4.1.9 (1)	4.1.10 (1)
Interpersoonlik	4.1.11 (1)	4.1.12 (1)
Intrapersoonlik	4.1.13 (1)	4.1.14 (1)
Natuur	4.1.15 (1)	4.1.16 (1)

(16 × 1) (16)

4.2 Beskryf hoe 'n goeie fasiliteerder sal verseker dat leerders ander mense eties in hul gesprekke en skryfwerk sal erken. (2 × 2) (4)

4.3 Definieer die begrip *onderrig*. (2)

4.4 Juffou Nel is ongemotiveerd, dikwels afwesig en behandel haar leerders disrespekvol. Wanneer hulle kla, raak sy aggressief en praat uit die hoogte met hulle. Haar leerders is te bang om enige vrae in die klas te vra.

Evalueer of juffrou Nel aan die etiese verantwoordelikhede van die reflektiewe praktisyn voldoen. Verwys na die gevallestudie om jou antwoord te motiveer. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 5

5.1 Bronfenbrenner verklaar dat 'n kind se omgewing uit vyf lae bestaan wat elkeen 'n invloed op die kind se ontwikkeling het. Dit is die mikro-sisteem, meso-sisteem, ekso-sisteem, makro-sisteem en die chrono-sisteem.

5.1.1 Noem enige TWEE moontlike verhoudings wat in 'n kind se onmiddellike omgewing (mikro-sisteem) teenwoordig is. (2)

5.1.2 Gee TWEE voorbeelde om te illustreer hoe ouer-kind-verhoudings 'n kind se persepsie van verhoudings kan beïnvloed. (2 × 2) (4)

5.1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (5.1.3a–5.1.3d) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Indien verhoudings positief in die mikro-sisteem ontwikkel, sal dit vir die kind gevoelens van (a) … en (b) … gee. Indien verhoudings negatief in die mikro-sisteem ontwikkel, sal dit vir die kind gevoelens van (c) … en (d) … gee. (4 × 1) (4)

5.1.4 Die meso-sisteem is die verbinding tussen die onderskeie strukture van die mikro-sisteem.

Bespreek TWEE voorbeelde van sulke verbindings. (2 × 2) (4)

5.1.5 Het die eksosisteem 'n direkte invloed op 'n kind se lewe? Motiveer jou antwoord. (1 + 2) (3)

Kopiereg voorbehou

5.1.6 Oortuigings, gebruike en rituele reguleer die samelewing in die makro-sisteem.

Analiseer aan die hand van TWEE voorbeelde hoe oortuigings, gebruike en rituele 'n kind kan beïnvloed. (2 × 2) (4)

5.1.7 Gee TWEE voorbeelde om te illustreer hoe die verloop van tyd 'n kind se beskouing van die wêreld om hom/haar kan beïnvloed. (2 × 2) (4)

5.2 Noem VYF sosiale vraagstukke waarmee die Suid-Afrikaanse Departement van Maatskaplike Ontwikkel te kampe kry. (5)

[30]

VRAAG 6

6.1 Maslow se hiërargie van behoeftes is in 1943 ontwikkel.

6.1.1 Noem VYF vlakke van die behoeftes in Maslow se teorie deur by die mees basiese behoefte as die eerste vlak te begin. (5)

6.1.2 Gee EEN voorbeeld vir elk van die onderskeie behoeftes soos dit in VRAAG 6.1.1 genoem is. (5)

6.1.3

> Lina het in armoede grootgeword en is deur haar ouers verwaarloos. Sy is egter intelligent en gedrewe. Sy het haar studie voltooi en is nou 'n gekwalifiseerde onderwyseres.

Bespreek kortliks die verskil tussen Maslow se gebrek- en groei-behoeftes deur na die gevallestudie te verwys. (3 × 2) (6)

6.2 Voltooi die volgende tabel deur slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (6.2.1–6.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

BLOOM SE TAKSONOMIE VAN OPVOEDKUNDIGE DOELSTELLINGS		
Vlakke	**Kognitiewe domein**	**Psigo-motoriese domein**
Vlak 1	Kennis	6.2.4
Vlak 2	6.2.1	Basiese fundamentele bewegings
Vlak 3	Toepassing	6.2.5
Vlak 4	6.2.2	Fisieke vermoëns
Vlak 5	Sintese	6.2.6
Vlak 6	6.2.3	Nie-diskursiewe bewegings

(6 × 1) (6)

6.3 Onderskei tussen die *kognitiewe* en die *psigomotoriese* domeine. (2 + 2) (4)

6.4 Noem TWEE vaardighede waarna die sosio-affektiewe domein verwys. (2)

6.5 Gee enige TWEE aktiwiteite wat met die sosio-affektiewe domein verband hou. (2)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 180

NCV

Kopiereg voorbehou